Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# AFRIKAANS HUISTAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 25 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As ŉ kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ŉ kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ŉ kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ŉ kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ŉ kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ŉ spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

ÉcoleBooks

7. Opstelvrae: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyn is slegs ŉ riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae: As ŉ kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ŉ vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**“Wie’s hy?” – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Hierdie gedig het geen vaste strofebou nie**, want dit het sewe versreëls in beide strofes. Bv. *Strofe 1 en 2*
- **Geen vaste rymskema word aangetref nie**, want kruisrym en paarrym kom spontaan in strofe 1 voor. Daar is ook tekens van rym in strofe 2. Bv. *Die poet/wie’s hy?/Djulle het so baie bek oorie poet/ma wié’s hy?* (versreël 1–4)
- **ŉ Vaste ritme ontbreek** en die gebruik van kort en lang woorde dra hiertoe by. Bv. *Djulle het so baie bek oorie poet (*versreël 3*)*
- **Versreëls en strofes is onreëlmatig**, want dit word afgewissel deur lang en kort sinne en woorde om ŉ bepaalde klem op sekere woorde te plaas. Bv. *Djulle het so baie bek oorie poet/ma wiés hy? (*versreël 3–4*)*
- **Die versreëls se lengtes verskil** en lang en kort versreëls kom afwisselend voor. Bv. *Nai,/djulle;s mistaken, (*versreël 8–9*)*
- **Hoewel die gedig ŉ vrye vers is, kom daar tog hoofletters en leestekens voor**, maar dit word onreëlmatig toegepas. Bv. *Is hy rêrag soes djulle dink/Die ou moerie pen ennie ink/wat in sy study sit en poems dink? (*versreël 5–7*)*
- **Die keuse van die vrye vers sluit treffend aan by die tema** dat geen amptelike en formele reëls vereis word wanneer gedig word nie.
- **Die gebruik van Kaaps Afrikaans dra tot die spreker se geloofwaardigheid by** en skep ŉ gemoedelike stemming waarin die boodskap van die gedig duidelik aan die leser oorgedra kan word. Bv. *djulle’s mistaken (*versreël 9*)*
- **Die feit dat die taal informeel is**, sluit aan by die tema dat gewone mense ook kan skep. Bv. *ma djulle is die poets (*versreël 10*)*
- **Die taalgebruik is speels en kreatief en dit is wat die spreker ook preek**: enigiemand wat hul taal speels en kreatef gebruik, is die ware digter. Digterskap is dus nie net om formeel te dig nie. Bv. *ennie gladde bek verkoep (*versreël 12*)*
- **Die informele slotwoorde sluit aan by die gedagte dat digterskap ook nie vereis dat iemand amptelik dig nie**, maar dit kan informeel in gesprekke en daaglikse omgang met mekaar ook na vore kom. Bv. *en soema met daa God tien hulle roep!* (versreël 14*)*

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

**“Reaksie” – Vernon Fourie**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Vriend/Ongemanierde/Onverfynde/Ruwe (persoon) √ | 1 |
| 2.2 | Die riel is die oudste danssoort in Suid-Afrika./sirkeldans om ŉ vuur .√ | 1 |
| 2.3 | Versreël 8/’Ma’ √<br><br>Moedeloosheid √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Sy skynheiligheid √ | 1 |
| 2.5 | Geregtigheid, liefde en liefdadigheid lyk maklik op papier. √<br><br>Die toepassing daarvan is as gevolg van haat, nyd en verwyte baie moeilik. √ | 1<br><br>1 |
| 2.6 | Die mens is geneig om sy kultuurgoedere te verwaarloos en ander te veroordeel./Die mens predik geregtigheid, liefde en liefdadigheid, maar leef die nie uit nie. √<br><br>*Die kandidaat formuleer ŉ eie tema vir EEN punt, bv.*<br>Ek het opnuut geleer om nie skynheilig te wees/ander mense te oordeel nie. √<br><br>Die titel dui op ons (die mens) se reaksie op ander mense se doen en late – hul skynheiligheid/hul veranderde optrede. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

EcoleBooks

**OF**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

**"besoekersboek" – Fanie Olivier**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die besoekersboek raak simbolies van die lewe (waar 'n mens net tydelik leef)./ van die mens se tydelike aardse bestaan. √ | 1 |
| 3.2 | Hy beklemtoon die aksie dat die inskrywing nie sommer verwyder kan word nie en dus blywender is./Uitkrap kan ook uitwis beteken en daarom is íngekrap meer permanent. √<br><br>Dit is 'n nagedagte/parentese wat die spreker wil beklemtoon deur dit met hakies te isoleer./Die beter keuse word deur hakies geïsoleer. √ | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Die (vrolike) l-alliterasie dra by tot die positiewe stemming/verliefdheid/ maak die versreël klankryk. √ | 1 |
| 3.4 | Hiërogliewe is tekeninge wat as skryftekening gebruik is by antieke volke soos die Egiptenare. √<br><br>Omdat hiërogliewe onverstaanbaar/onleesbaar is, beklemtoon dit die gedagte dat die uitgekrapte name en graffiti/boodskappe ook dikwels onverstaanbaar/ onleesbaar is. √ | 1<br><br>1 |
| 3.5 | Paradoks/Oksimoron √<br><br>Christus, as die Lam van God, is hartseer oor sy kinders se vrees vir hul eie sterflikheid en hul onvermoë om te besef dat hul aardse bestaan slegs tydelik is – en dat hul hul hier wil verewig. √<br><br>Stomgemaak verwys na Christus se verbasing vir sy kinders se pogings om hul onsterflik te maak. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 3.6 | Dit ondersteun die onbelangrikheid/kortstondigheid van die mens se aardse bestaan./Die spreker, net soos die graffitikuns waarvan ons in die gedig lees, steur hom nie aan korrekte skryfkonvensies nie. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Nog in my laaste woorde" – N.P. van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die spreker se geliefde/skoonheid/Truida √ | 1 |
| 4.2 | Dit ondersteun die spreker se vrye gedagtegang./Dit laat die klem op *weet* val.√<br><br>"vrees" √ | 1<br><br>1 |
| 4.3 | Die dinge in 'n mens se lewe wat nie belangrik is nie, sal in die laaste oomblikke maklik vergeet word. √ | 1 |
| 4.4 | Elisie √<br><br>Die ritme/metrum in die gedig word behou. √ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Elke deug van die skoonheid/geliefde word afsonderlik uitgehef. √ | 1 |
| 4.6 | Die mens bly onvervuld soek na die sin van die lewe en die liefde./Die spreker se onvolwassenheid/onrypheid is nou agtergelaat.√<br><br>Die spreker se geliefde het die lewenskring vir hom voltooi – hom volkome/heel gemaak. √<br><br>Dood is die voltooiing van die lewe en daarom ook mooi./Omdat die spreker se geliefde deel van sy lewe is, sal sy deel van sy dood wees en daarom sal die dood ook so mooi wees soos die lewe was. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

ÉcoleBooks

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Tsunami" – Kobus de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Dit is die datum waarop die tsunami die strand getref het./Op 11 Maart 2011 het 'n verwoestende tsunami Japan getref./Die dag waarop die tsunami gebeur het. √ | 1 |
| 5.2 | Alliterasie (van die w-klank) √<br><br>Dit beklemtoon die mense se ellende/hartseer/hoe weerloos die mense was. √ | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Dit stem die leser tot nadenke oor die magteloosheid van die mense teenoor die kragtige tsunami./Dit dui daarop dat die water op die weerlose mense bly afpeil het. √ | 1 |
| 5.4 | Vergelyking √<br><br>Dit beklemtoon die aanhoudende chaos van mense wat verdwyn. √ | 1<br><br>1 |
| 5.5 | Kwatryn √<br><br>Geen vaste rymskema/Geen hoofletters/Versreëllengtes verskil √√ | 1<br><br>2 |
| 5.6 | Die tsunami is uitgewoed en die seevlak het bedaar. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING B: ROMAN**

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Die atmosfeer in Iris se ouerhuis het nie juis haar begeerte om te blom aangemoedig nie**, want Iris meen sy het op oorskietaandag geleef.
- **Sy kon nie in haar ouerhuis haar volle potensiaal ontwikkel nie,** want sy het ouers wat nie haar droom om ŉ groot oomblik te beleef, deel nie. Hulle is tevrede met ŉ gewone voorstedelike bestaan.
- **Iris se susters staan in die pad van Iris se begeerte om te blom**, want hulle lewe is altyd belangriker geag as Iris se vrae en onsekerhede.
- **Iris se begeerte om te blom word onderdruk** wanneer haar ouers en susters meen sy is te jonk om ŉ mening oor enigiets te hê.
- **In Iris se ouerhuis word haar menswees eerder gekritiseer**, want haar pa ondersteun nie haar keuses vir ŉ beroep nie en Elsa nie haar besluit om agter ŉ man aan oorsee te gaan nie.
- **Johanna dra egter positief tot Iris se lewensbegeerte by**, want sy ondersteun en gee raad en sê ook dat Iris vir hulle almal elke dag blom.
- **In die tuin van haar ouerhuis beleef ons Iris as ŉ karakter wat gegroei** het omdat sy in hierdie stadium van die roman besef het dat daar nie net een groot blomoomblik in ŉ mens se lewe is nie.
- **Iris ervaar vrede en rustigheid oor die lewe in die tuin** en wag op die kwart-voor-sewe-lelie om te blom, want sy besef sy is gelukkig en tevrede om elke dag ongesiens te blom.
- **Die tuin van haar ouerhuis wys haar begeerte om die mense vir wie sy lief is** by haar te hê wanneer sy die grootse magiese oomblik in die natuur gadeslaan.
- **Iris besef in die tuin van haar ouerhuis dat dit net so magies is** om ŉ gewone voorstedelike bestaan te voer soos dit is om die beste fantasie te beleef.
- **Frankryk en New York bied aan Iris die grootste moontlikhede om haar een groot blomoomblik te beleef**, want sy word raakgesien as model en word ŉ modelkontrak aangebied.
- **Frankryk en New York bied ook aan Iris die geleentheid om haarself en die wêreld beter te leer ken en te verstaan** en die dinge wat sy hier beleef, help haar besef wat sy uit die lewe wil hê.
- **Frankryk en New York is die ruimte waar Iris besef dat haar lewensfilosofie ander mense beïnvloed**, want Peter sê duidelik dat hy nie met haar begeerte om te blom saamstem nie.
- **In New York kom Iris voor die grootste besluit in haar lewe te staan**, want sy is onseker of sy hierdie groot modelblomgeleentheid moet aanvaar en of sy eerder ŉ lewe saam met Peter moet kies.
- **New York help Iris om tot die besef te kom dat die lewe nie ŉ fantasie is nie en dat sy nie op die een blomgeleentheid moet wag nie**, want Billy luister na haar en gee raad oor dinge waaroor sy innerlike konflik beleef.
- **Vermont laat Iris besef dat sy die gesinsopset geniet**, want sy hou daarvan om die vrou- en ma-rol in te neem en besef dat sy in ŉ groot mate blom as sy vir ander iets beteken.

- **Vermont bied aan Iris die geleentheid om haar verhouding met Peter te versterk** en sy blom wanneer hul liefde 'n al groter werklikheid word.
- **Die Engel bring Iris in Vermont tot nuwe insigte oor die lewe** en Iris besef dat sy verantwoordelik is vir haar eie geluk/dat die lewe nie net een groot blomoomblik gaan oplewer nie.
- **In Vermont kies Iris om die werklikheid te aanvaar** en in 'n groot mate dus afstand te doen van haar lewensbegeerte om te wil blom.
- **Iris dink aanvanklik haar werk as tandartsassistent kan bydra tot haar lewens-begeerte**, want haar werk sal nie met haar fantasie inmeng nie en sy kan leef soos sy wil leef en sy sal gelukkig wees.
- **Dis duidelik dat haar werkruimte egter min ondersteuning bied aan haar begeerte om iets groots te beleef**, want die werk het nie juis enige uitdagings aan haar gestel nie.
- **Iris kry tog in haar werkruimte die geleentheid om te blom toe Frederik haar vra om te trou**, maar sy het die kans op so 'n blomoomblik van die hand gewys.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Iris bevind haar in 'n hotelkamer in New York, Amerika. √ | 1 |
| 7.2 | Verbeeldingrykheid/fantasie √<br><br>Iris se verbeeldingrykheid/fantasie help haar om die werklikheid/lewe draagliker/meer aanvaarbaar te maak. √ | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Joe √<br><br>Iris glo dat sy net een keer in haar lewe gaan blom./net een kans gaan kry om ware sukses/geluk te ervaar. √<br><br>Joe bied vir Iris 'n modelkontrak aan en dit kan dalk net die kans wees waarop Iris gewag het. /kan haar blomoomblik wees. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 7.4 | Die verteller bou spanning/afwagting.<br>Die verteller wys hoe Iris op Peter se bytende opmerking reageer. √ | 1 |
| 7.5 | Sarkasme √<br>Peter is ontevrede met Iris se lewensfilosofie./dat Iris so vashou aan die gedagte dat sy net een kans het om te blom./om geluk te ervaar. √ | 1<br>1 |
| 7.6 | Ja<br>Peter is oorsee kort nadat hy en Iris ontmoet het daarom was daar nie juis baie tyd dat hul mekaar behoorlik kon leer ken nie. √<br><br>Iris en Peter se ontmoeting was maar net 'n seksuele ervaring./<br>Iris en Peter se gesprek toe hy die aand by Iris se huis kom kuier het, was oor alledaagse/oppervlakkige dinge./ Iris en Peter het nie gereeld kontak nie./<br>Iris en Peter kommunikeer deur middel van telegramme. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | | |
|---|---|---|
| 7.7 | Dit is ŉ maklike/toevallige/ongemotiveerde oplossing vir ŉ moeilike situasie. √<br><br>Net voor Iris voor die fisiese versoeking swig, lui die telefoon en is die probleem (dis ŉ probleem omdat hulle mekaar nie goed ken nie) tydelik opgelos. √ | 1<br><br><br>1 |
| 7.8 | Iris het ŉ huweliksaansoek van Frederik ontvang. √ | 1 |
| 7.9 | Uiterlike konflik √<br><br>Hannes/Iris se swaer/Elsa se man √ | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Hulle bly albei stil om konfrontasie/die waarheid/ongemaklike situasies te vermy. √ | 1 |
| 7.11 | Ja<br>Baie mense hunker na ŉ groot oomblik in hul lewe. √<br><br>Ek het geleer dat ŉ mens nie na een groot oomblik moet hunker nie, maar die hier en die nou moet geniet./Ek het geleer dat die hele lewe ŉ blomgeleentheid is./<br>Ek het geleer dat die realiteit van ŉ geroetineerde voorstedelike bestaan net so magies soos die beste fantasie kan wees. √√<br><br>*Die kandidaat noem enige TWEE lesse, wat met die hooftema verband hou, wat hy/sy geleer het.* | <br>1<br><br><br><br><br>2 |
| 7.12 | Iris leef aanvanklik in haar fantasiewêreld/skram weg van die werklikheid, maar aan die einde van die verhaal is sy tevrede met ŉ geroetineerde voorstedelike bestaan en getroude lewe. √<br><br>Iris se ma wil nie saam met haar man plaas toe trek nie, maar aan die einde van die verhaal gee sy haar onafhanklikheid op en trek plaas toe. √<br><br>Elsa is aanvanklik hiperprakties en beplan alles, maar aan die einde van die verhaal is haar huis ook deurmekaar/sy verslap haar hiperpraktiese ingestelheid/strewe om als perfek te doen. √<br><br>Kara sê aanvanklik sy gaan nooit trou nie/nooit kinders hê nie, maar sy trou tog later /sy en Claude kry ŉ seuntjie, Michel. √<br><br>*Beide kante van die ironie moet genoem word.* | <br><br>1<br><br><br>1<br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – PIETER PIETERSE**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Baas het 'n besondere kennis van die bos** en die bome en die veld word in liefdevolle, ingeligte detail deur sy oë beleef.
- **Baas het ook 'n verstommende kennis van al die bewoners in die bos** en met die grootste agting word vlakvarke, olifante, koedoes, blouwildebeeste en sebras – waargeneem en deur Baas se oë beskryf.
- **Baas is in 'n groot mate afhanklik van die natuur om te oorleef**, want hy is uitgelewer aan die natuurelemente om sy dag tot dag bestaan te voer.
- **Hy vertoon die mag van die mens oor die dier** deur die diere van die omgewing te jag.
- **Toe Baas se oupagrootjie tydens 'n jagtog oorlede is,** besef hy die natuur kan ongenaakbaar wees en besef sy nietigheid.
- **Baas moet sy kamp beveilig teen die krokodille en seekoeie**, want hy besef die natuur maak ŉ man weerloos.
- **Die natuur lewer verrassings op** toe 'n trop olifante Manaka besoek en die mens se weerloosheid verder beklemtoon.
- **Die mens is totaal aan die genade van die natuur uitgelewer**, want toe iemand die toue los sny wat die Zambezi Grace vasgebind het, dryf die boot rivier-af.
- **Baas se respek vir die natuur word eerstens duidelik deur die hegte band tussen hom en sy honde**, want hy het sy honde liewer as enigiets anders.
- **Sy verhouding met sy diere is besonder heg**, want Baas gee toestemming dat die sendelinge vir nog een nag in sy hut kan slaap, aangesien hy by die honde in die kombuis sal slaap.
- **Baas betoon respek teenoor die natuur deur sy houding teenoor Morena,** die groot buffelbul, selfs al skiet Baas hom uiteindelik.
- **Baas is van kleins af lief vir die natuur**, roei gereeld op die Ebenezer-dam, en hou van jag.
- **Hy leef sy 'baasskap' oor die natuur uit**, maar voor die khuta en die Lozi-mense moet hy egter juis bewys dat hy hulle nie wil domineer nie.
- **Baas glo in die instandhouding van die natuur** en gee die bougainvillea wat sy oupagrootjie geplant het, water.
- **Baas se honde is ook uitgelewer aan ander elemente**, want voordat Baas 'n groot vlakvark kan skiet, val dit een van sy honde, Longwane, aan.
- **Baas betoon respek aan alle diere**, want toe een van die honde, Briekwa, vrek, het Baas hom met behulp van Sitali begrawe.
- **Die natuur bied aan Baas soete herinneringe**, want toe hy die kremetart met sy oupagrootjie se naam op kry, kerf hy sy naam daaronder uit.
- **Baas se begrip vir die natuur laat hom nugter optree**, want Baas agtervolg 'n trop buffels met die doel om Morena te skiet.
- **Baas maak seker dat die orde in die natuur herstel word**, want nadat hy vir Brindle begrawe het, volg hy die groot buffel se spoor verder en skiet hom uiteindelik dood.
- **Die verhouding tussen mens en dier word verder beklemtoon** toe Baas die buffel aan Johnnie as losprys vir sy vrou en kind gee.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

**OF**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller skets vir die leser die ruimte/geografiese agtergrond. √<br><br>Die beskrywing van die karakter se ervaring is objektief./<br>Die verteller is altyd teenwoordig./<br>Die verteller weet wat die karakter dink/doen. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 9.2 | Hy moes vir die staatsmuseum skoenlappers in Afrika gaan vang. √<br><br>Kanada √ | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Dit was in die tyd wat die roman afspeel, die gepaste aanspreekvorm vir 'n persoon in gesag./Seuns en kleinseuns dra volgens tradisie hul oupa se noemnaam. √ | 1 |
| 9.4 | Die worsboom bied aan die gemeenskap 'n byeenkomplek./ Daar is Sondae onder die boom kerk gehou./ √<br>Die worsboom raak die sentrale plek waar leer kon plaasvind./Die kinders het onder die boom gesit vir skool. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5 | Ja<br>Hy het 'n sendingstasie opgerig.<br>Hy het die rivier karteer.<br>**OF**<br>Nee<br>Daar is geen werklike uitbreiding nie. √<br>Malaria is steeds 'n werklikheid. √<br><br>Baas wil 'n boot op die **Zambezi** hê waarmee hy toeriste aan Afrika kan blootstel. √<br><br>Nee<br>Hy het wel die boot gebou, maar die rivier het hom weggespoel.<br>**OF**<br>Ja<br>Die suggestie bestaan dat met die kry van die boot en Grace wat saamstap, voorspoed wag. √ | <br><br><br><br><br>1<br>1<br><br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.6 | Sy is 'n Christen. √<br><br>Sy wil Baas laat verstaan dat hy met 'n spesifieke doel na Manaka gestuur is om hul te help./Sy is die stem van geregtigheid wat Baas wil aanmoedig om sy Christenskap te aanvaar en uit te leef. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.7 | Ouma Essie kom vra Baas se hulp om die pale aan te ry. √ | 1 |
| 9.8 | Die bosoorLog in Suid-Rhodesië/<br>Die verloor van die plaas/<br>Ouma Essie en Grace wat sê hy is 'n Christen. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.*<br><br>Baas kon nie vrede vind nadat sy ouers deur rebelle vermoor is nie. √ | <br><br>2<br><br><br><br>1 |
| 9.9 | Baas ontken die heeltyd dat hy 'n Christen is, maar sy optrede getuig van Christenskap. √ | 1 |

ÉcoleBooks

| | | |
|---|---|---|
| 9.10 | Toe Baas na sy ouers se dood terugkeer plaas toe, is hy alleen met net sy hond./<br>Van kleins af is hy voor die ander uit wanneer hulle gaan jag het./<br>Hy raak gou verveeld met sy werk by die saagmeule en gaan jag eerder alleen met sy hond./<br>Sy denke is 'noordwaarts' gerig en nie 'suidwaarts' na die 'beskawing' toe nie.<br>Hy koop 'n motorboot en sleepwa en reis alleen verder met sy twee honde./<br>Hy het sy eie idee van wat toeriste in Afrika behoort te beleef; nie in hotelle nie, maar afgesonder in hutte tussen die plaaslike inwoners. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE bewyse uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.11 | Sy oupa tree mensliewend op en wil sy Christenskap met die inwoners deel, terwyl Baas hier nie mensliewend optree nie en veg teen die feit dat hy 'n Christen is. √ | 1 |
| 9.12 | Die mens staan in 'n belangrike en verantwoordbare verhouding tot die natuur./ tot mekaar./die aard van ware geloof. √<br><br>Ons moet mense volgens hul dade, en nie volgens woorde/velkleur/agtergrond nie, oordeel. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR*** **– AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

EcoleBooks

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **<u>Tant Wonnie</u> het hartseer in haar lewe geken**, want sy verloor ses van haar agt kinders tydens die Groot Griep./Haar man sterf tydens die Eerste Wêreldoorlog/Piet de Bruyn probeer tant Wonnie verkrag.
- **Tant Wonnie ken die ellende van alles verloor**, want toe sy na Sannah Vosloo se dood weggejaag word, is haar huis op Vatmaar gestroop./Sy word valslik van diefstal beskuldig en verloor so haar naam (reputasie).
- **Tant Wonnie ken egter ook geluk**, want die magistraat bewonder haar trots en sorg dat sy 'n huweliksertifikaat kry wat veroorsaak dat sy op oorlogspensioen geregtig is./Sy kon later terugtrek na haar huis.
- **Uit tant Wonnie se verhaal is daar baie lewenslesse te leer**: Al beklee jy die laagste posisie in die samelewing, soos sy, kan jy nog steeds trots wees op wie jy is./Piet du Bruyn, Settie September was venynig teenoor tant Wonnie, maar sy het nooit 'n wrok in haar binneste rondgedra nie./Sy het altyd die beste van slegte omstandighede gemaak./Ten spyte van wat mense gesê en gedoen het, het tant Wonnie 'n skoon lewe gelei en onwrikbaar by haar beginsels gebly.
- **<u>Bettie</u> het die hartseer van 'n ongehude moeder geken**, omdat sy 'n kind by een van oom Steven se seuns gehad het en sy vir hul 'n verleentheid was.
- **Bettie het egter die geluk van aanvaarding gesmaak**, want oom Chai was bereid om hom oor haar en haar kind te ontferm.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- **Bettie se huwelik met oom Chai was egter nie gelukkig nie**, omdat die ouderdomsverskil te groot was.
- **Bettie ken die kwaad van ’n buite-egtelike verhouding**, want sy het oom Chai met Boitjie verneuk.
- **Uit Bettie se lewensverhaal leer ons die verwerping wat ’n baba buite die huwelik kan bring**./Ons leer ook dat ’n huwelik waar die ouderdomsverskil te groot is, net frustrasie kan meebring.
- **<u>Oom Chai</u> het die slegte in die lewe gesien**, want hy het tydens die Anglo-Boereoorlog gesien hoe Boervroue se huise en besittings vernietig word.
- **Oom Chai het egter ook die goeie in sy lewe beleef**, want hy het ’n lewenslange besondere vriendskap met George Lewies gehad./Hy het met ’n mooi, jong vrou getrou./Hy het Vatmaar se stigting en groei beleef.
- **Oom Chai het egter ook hartseer in sy lewe beleef**, want sy huwelik het hom later meer pyn as vreugde besorg./Hy het sy vriend, George Lewies, aan die dood afgestaan./Hy het a.g.v. sy troue sy aansien in die gemeenskap verloor.
- **Die lewensles om ’n besondere vriendskap te koester, is vandag nog steeds aktueel**, omdat ons wel sulke vriendskappe nog beleef./Daar is vandag nog jaloesie in ’n verhouding soos oom Chai met Boitjie Afrika beleef het. Hieruit leer ons dat jaloesie net trane bring en vriendskappe vernietig.
- **<u>Kenny</u> ken ook hartseer in die lewe**, want hy verloor sy werk by die Masonic Temple./a.g.v. status keur sy ouers nie sy verhouding met Kaaitjie goed nie./hy verloor die groot liefde in sy lewe.
- **Kenny beleef egter ook vreugde in sy lewe**, want hy ontmoet Kaaitjie, die liefde van sy lewe./hy vind ’n tweede liefde.
- **Kenny ken die vreugde van goed wees vir ander**, want hy kon die vreugde van Vatmaar oor die kliniek beleef./van Boitjie Afrika oor die sokkerspan en -veld beleef.
- **Die lewensles wat Kenny se lewe vir ons leer is aktueel** omdat ons vandag nog weet dat deur goed te doen aan ander kan ons ook groot vreugde smaak./Ons leer ook uit Kenny se verhaal dat ’n mens na groot hartseer weer vreugde kan beleef.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| | | |
| 11.1 | Die Queen verklaar oorlog teen die Boere en oom Lewies en oom Chai het vir die Queen geveg./ Tydens die Britte/Queen se oorlog teen die Boere (die Anglo-Boere-oorlog) was hulle aan die Queen se kant./ Tydens die oorlog was oom Lewies ’n korporaal vir die Britte/in die Queen se weermag en Oom Chai was een van die Queen se Cape-boys.√ | 1 |
| 11.2 | Mnr. Walker het aan Oom Chai werk by die landmeter gegee EN George Lewies het die plan van Oom Chai aan kaptein Walker oorgedra. √<br>George Lewies het gesorg dat die saak van ’n nedersetting op die agenda geplaas word. √ | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.3 | Teen ’n politieke/historiese/sosio-maatskaplike agtergrond./Teen die agtergrond van bruinmense in Suid-Afrika se belewing in ’n nedersetting./Vatmaar se arm, eenvoudige, ongeslypte mense./mense wat na die Anglo-Boereoorlog in een nedersetting saamgesnoer is./werkloos is. √<br><br>Ja, want dit was apartheid/ Die mense van Vatmaar is nie as witmense se gelyke gesien nie.<br>**OF**<br>Nee, ongeag jou ras of klas, mag mense mekaar nie stereotipeer nie. √<br><br>Apartheidswandade het hieruit voortgespruit./ Die mense van Vatmaar was arm/het ’n sosiaal-maatskaplike agterstand beleef. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.4 | Die titel suggereer jy neem sonder dat iets aan jou behoort √ en Oom Chai se woorde dui daarop dat George Lewies vir Ruth moet vat (in ’n saamblyverhouding)/sonder dat hulle hoef te trou. √ | 2 |
| 11.5 | Hy het vir Ruth se trourok geld gegee, maar gevra niemand moet vir George daarvan sê nie.√ | 1 |
| 11.6 | Hy kan nie in Du Toitspan woon nie. √<br><br>Liefdeloosheid √ | 1<br><br>1 |
| 11.7 | Oom Chai ken die gebeure die beste aangesien hy deel daarvan was./Dit is geloofwaardig. √ | 1 |
| 11.8 | Dit is baie meer geloofwaardig/ Sy het die ervarings eerstehands beleef. √ | 1 |
| 11.9 | Al verwag almal dat hy tant Wonnie gaan vra, gaan dit nie gebeur nie, want hy het haar dogter al gevra om te trou. √<br>Toe sy Norman se lyk sien, was sy gebroke./ Toe sy Norman se lyk sien, het sy besef sy het hom liefgehad. √<br>Sy het geglo Heinrich sou tevrede wees as sy met Norman trou. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 11.10 | As hy die tentpen by Kaaitjie se broers en susters se graf gaan inslaan, √ sal sy met hom trou en dan begin sy nuwe lewe. √ | 2 |
| 11.11 | Sy was lief vir Norman. √ | 1 |
| 11.12 | Liefde sonder grense. √ | 1 |
| 11.13 | Toe Piet de Bruin haar probeer verneder het deur haar tronk toe te neem. √<br><br>Vatmaar se mense het langs die pad gestaan en niks gedoen om haar te help nie./hulle het haar beskinder. √<br>Toe het sy besluit sy wil nie deel wees van hulle God nie √ maar sy het besef om God te dien, gaan oor of Hy binne jou woon. √ | 1<br><br>1<br><br>2 |
| 11.14 | Ja, dit is soos die Griekwas praat. √ | 1 |
| | | **[25]** |

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



***ONDERWêRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWêRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Kuberkrakery**, want as kuberkraker is Eckardt se webblaaie sy onderwêreld.
- **Greg gee sy eerste tree na die onderwêreld** toe hy vir Eckardt vra of hy hom omtrent kuberkrakery sal leer.
- **Eckardt is Greg se mentor in die onderwêreld van kuberkrakery**, want hy nooi hom in Cyberspace in. Hy stel hom bekend aan al die aspekte van kuberkrakery.
- **Greg raak so betrokke by die onderwêreld van kuberkrakery dat hy kontak met die werklikheid verloor** en sy skoolwerk, vriende en pligte afskeep.
- **Greg leer in die onderwêreld spesifieke eienskappe van die kuberkraker**, soos die verskil tussen hackers en crackers en white hats en black hats. Dit lei hom dieper en dieper die onderwêreld in om meer te wil uitvind.
- **Greg betree die onderwêreld van gevaar en misterie/misdaad** wanneer Eckardt hom die tegnieke van kuberkrakery leer.
- **Eckardt weet dat Greg daarvan hou om *extreme sport* te beoefen** en dus van gevaar en misterie hou en daarom weet hy, hy kan hom manipuleer om ook van hierdie nuwe extreme sport te hou.
- **Die misterie en gevaar/misdaad van die onderwêreld is Eckardt se lokaas om Greg in te katrol na sy donker wêreld**, want hy wil ŉ sosiale manipuleringsaanval uitvoer.
- **Greg aanvaar ŉ bier uit Eckardt se yskas en gee nie om vir die gevaar om uitgevang te word nie.** Hierdie handeling is sy eerste misstap op pad na die onderwêreld.
- **Die onderwêreld van geld kom ter sprake wanneer Greg se skoolmilieu aan die leser bekendgestel word**, want Lawson College is ŉ skool vir die superrykes.
- **Greg besef dat geld veroorsaak dat mense nie sal skroom om misdaad te pleeg nie**, want sy skoolhoof en pa was bereid om ŉ misdaad teen die samelewing te pleeg in poging om ryk te word.
- **Die seuns se leierskapposisies word dikwels as saketransaksies beskou**, want Plank sê vir Greg dat die hoofseunbalkie op sy baadjie die kwitansie is wat hy die hele jaar gaan dra.
- **Die skool is eksklusief** en ŉ lang waglys verseker dat ongewenste elemente (wat nie kan betaal nie) uitgehou word.
- **Geld is egter die element wat seuns in skouperde vir hul ouers omtower** en verseker dat hul ook eendag deel gaan word van die "ewige rat race" om "soveel geld as moontlik te kry".
- **Geld is die grootste euwel** en wanneer Greg van Dok Pienaar en sy pa se planne uitvind, verklaar hy "die wêreld van geld is boser as enigiets wat ŉ hacker sal kan aanvang".
- **Greg besef ook dat geld hul gesin se ondergang beteken het** omdat sy pa se betrokkenheid by die voëlgriepplan ontbloot is.
- **Die onderwêreld van emosies betrek Greg se emosies** en dikwels die onderdrukking daarvan. Sy pa het hom beveel om nie te huil oor John se dood nie.

- **Greg ervaar ook deur die loop van die roman vrees** wat geaktiveer is deur John se selfdood. Eckardt se verdwyning verhoog die vrees en hy is ook bekommerd dat Nicole iets onbesonne sou aanvang.
- **Greg is dikwels opgewerk en gefrustreerd** soos wanneer sy pa navraag doen oor sy sport en akademie. Wanneer sy pa vra hoekom hy geweier het om rugby te speel het dit vir hom gevoel soos ŉ bom wat ontplof.
- **Greg ervaar die <u>onderwêreld van magteloosheid</u> wanneer hy besef dat hy reeds te diep in die onderwêreld is** en nie kan terugkeer nie. Hy strompel deur die uitdagings, maar kan nie ophou nie.
- **<u>Die onderwêreld van die dood/verlies</u> word duidelik wanneer die leser besef die dood/verlies van John is vir Greg moeilik om te aanvaar** en die druk wat John ervaar het, word nou op hom geplaas.
- **<u>Die onderwêreld van die adolessent</u> kom na vore in die verwagting van die adolessent om onderdanig te wees aan gesagstrukture** soos die skool en die ouerhuis. Greg rebelleer teen die gesagstrukture en ontmasker later die korrupsie van die volwassenes.
- **<u>Die mitologiese onderwêreld van Hades</u> kom na vore**. Die donker onderaardse gebied is die ryk van die dooies/skimme/doderyk/hel.
- **<u>Soos Herakles ook in die mitologiese wêreld op wraaktogte was,</u>** is Eckardt besig met ŉ veldtog om wraak te neem op die Owen-gesin vir sy pa se dood. Hy noem selfs die skool sy "slayground" waar hy monsters moet vernietig.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 13: *ONDERWêRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

EcoleBooks

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Huis Da Vinci √ | 1 |
| 13.2 | Rekenaars/Tegnologie maak Eckardt opgewonde/Eckardt is geïnteresseerd in die wêreld van rekenaars. √<br><br>Ja<br>Eckardt is aan die einde van die roman met wraak en haat gevul./Die gemoedelikheid waarmee hy Greg leer hack het, het verdwyn. √ | 1<br><br><br>1 |
| 13.3 | Eerstepersoonsverteller √<br><br>Die verteller wil vir die leser wys dat Greg emosioneel/hartseer/gefrustreerd is oor die hartseer dood van sy broer./Die verteller wil vir die leser wys dat Greg sy pa kwalik neem vir die druk wat hy op John geplaas het. √ | 1<br><br><br>1 |
| 13.4 | Greg weet nie hoe hy sy matriekjaar gaan aanpak om sukses te behaal nie. √<br>Greg gee inligting omtrent Eckardt se verdwyning aan een van sy koerante deur. √<br>Greg weier om rugby te speel omdat die skool nie Eckardt se verdwyning wil bekendmaak nie./Eckardt daag Dok Pienaar se gesag uit deur te weier om rugby te speel. √<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke bewyse vir EEN punt elk aan.*<br><br>Die spanning tussen Greg en sy pa word nie opgelos nie, want hy is die een wat sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme ontbloot (en sy pa gaan nou moontlik vervolg word.) √ | 1<br>1<br><br><br>1<br><br><br>1 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Eckardt weet presies wie Greg se pa is./Eckardt weet dat Greg se pa ’n aandeel in sy eie hartseer het. √<br><br>Eckardt manipuleer Greg om ’n kwansuise/vals vriend van hom te word deur ’n sosiale manipuleringspoging om eintlik hom op Greg se pa te wreek. √<br><br>Eckardt en Greg se vriendskap word aan die einde van die roman vernietig wanneer hy Greg se gesin uitmekaar laat skeur/sy plan ontbloot. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.6 | Challenge 4 verwys na een van die kuberkraakuitdagings wat Eckardt vir Greg laat doen het (toe hy hom die fynere kunsies van kuberkrakery geleer het). √ | 1 |
| 13.7 | Verwikkeling/Ontwikkeling √<br><br>Spanning word deur konflik of botsing tussen karakters in hierdie gedeelte opgebou. √ | 1<br><br>1 |
| 13.8 | Die *Matrix*-plakker wat op Eckardt se laptop was (en nie nou meer is nie). √ | 1 |
| 13.9 | Sy is ’n ystervrou/intimiderend/op die man af. √<br><br>Rina is angstig (dat Greg iets onbesonne soos John sou aanvang)./<br>Rina kom onseker oor en woon vrouevergaderings by waar vrouens agter facelifts skuil./<br>Sy leef in die eensame skadu van haar man./<br>Sy probeer Greg se guns wen deur vir hom ekstra sakgeld te gee. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.10 | G – 4ce √<br><br>Greg voel magtig/soos ’n kragtige fors in die onderwêreld/het baie selfvertroue wanneer hy kuberkraak. √ | 1<br><br>1 |
| 13.11 | Uiterlike konflik √ | 1 |
| 13.12 | Binne die konteks van ouerdruk en kinders wat moet presteer, word die wêreld van kuberkrakers en die manipulering van data fassinerend verken. Die sportmal wenmentaliteit word ook hierdeur bevraagteken. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n eie boodskap vir EEN punt aan, bv.*<br><br>Ek het opnuut geleer dat ek nie eendag my kinders so wil druk dat hul eindelik in opstand kom en in die proses hul waardes prysgee nie./Ek wil nie toelaat dat wraak my lewe oorheers nie. √<br><br>Die leser kan met die emosionele krisisse van die hoofkarakter identifiseer./<br>Die baie Engelse woorde in die teks dui op die jonger geslag se taalgebruik./<br>Die tema van rekenaars beeld die leefwêreld van die tienerlesers realisties uit. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.
- **In die terugflitstoneel is dit duidelik dat Johnnie positief gereageer het op die jong, mooi Blanchie** wat onskuldig en skrander was. Hy was verlief op die mooi meisie.
- Die leeglêers maak dit aan die begin van die drama duidelik dat Map hom op die gemeenskap gaan wreek wanneer hy uit die tronk kom **en van Blanchie se werk by die Lonely Hearts uitvind.**
- **Blanchie se aanvanklike tronkbesoeke het ŉ positiewe invloed op Map** omdat dit vir hom belangrik is om aan haar te bewys dat hy weer die Johnnie geword het op wie sy verlief was.
- **Blanchie is die rede hoekom Map hom in die tronk wil bekeer,** want hy vra die heeltyd vir sy ma om vir Blanchie te sê hoe dit met hom gaan/hoe hy verander het.
- **Map is ontsteld dat Blanchie nie meer vir hom in die tronk kom kuier nie**, want hy dink sy het van hom vergeet. Hy hou dit egter nie teen haar nie.
- **Map is kwaad dat Cavernelis sy dogter beïnvloed om nie kontak met hom te hê nie**, want hy wil graag vir haar wys dat hy ŉ *changed man* is.
- **Map vra vir Antie Grootmeisie om vir Blanchie te sê hoe lief hy haar het** omdat sy nie meer kontak met hom het nie en hy haar graag wil sien.
- **Wanneer Apostel George sê dat Map sy vergifnis by die Here moet vind, bly hy verwys na Blanchie** by wie hy vergifnis gesoek het, want hy is lief vir haar.
- **Map is baie ontsteld wanneer Tommy hom oor Blanchie se werk by die Lonely Hearts inlig**, want hy weet dat sy dit ook om die verkeerde redes doen.
- **Map is kwaad vir Cavernelis** wat toelaat dat sy dogter haar lyf verkoop en kan nie glo dat hy dit toelaat nie.
- **Blanchie soek haar vertroosting by Map wanneer Cavernelis vreemd reageer na die modelkontrakuitval/in haar krisisoomblik** en in ŉ emosionele reaksie laat Map vir Blanchie verstaan dat dinge gebeur soos dit moet – en dat hul dus slagoffers van hul omstandighede is.
- **Wanneer Blanchie vir Map sê dat sy sleg is, sê hy sy is goed**, want hy besef dat omstandighede hul die verkeerde dinge laat doen het.
- **Blanchie erken teenoor Map dat sy vuil is, maar hy sê sy is mooi**, want hy vergewe haar vir wat sy gedoen het.
- **Blanchie sê vir Johnnie dat sy alles vir hom vertel het en nou kon hul mekaar vir die eerste keer styf vashou** en Johnnie het haar (hartstogtelik) gesoen. Hul liefde vir mekaar het oorwin.
- **Map word eindelik vrygemaak,** want Blanchie besef haar eie skuld.
- **Vir Map bly Blanchie "Blanchie" – die onskuldige, rein meisie** alhoewel sy ook by onbehoorlike praktyke betrokke geraak het.
- Johnnie en Blanchie kon aan die einde van die roman die storms van die Kaapse Vlakte oorleef **omdat hul eerlik oor hul foute was en mekaar vergewe het**.
- **Wanneer Map vir Blanchie vashou wanneer hy voor Antie Grootmeisie kniel**, is dit duidelik dat hulle sáám hul vryheid wil vind om die lewe saam aan te pak.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

**OF**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Eksposisie √<br><br>Die agtergrond ten opsigte van karakters/milieu/tyd word vir die leser geskep. √ | 1<br><br>1 |
| 15.2 | Armoede √<br>Misdaad √<br><br>Ja<br>Die inhoud is ŉ bewusmaking van die sosio-ekonomiese put waarin die mense van die Kaapse Vlakte hul bevind. √ | 1<br>1<br><br><br>1 |
| 15.3 | Ja<br>Maud is in ŉ goeie bui/bly dat haar man vir ŉ slag by die huis is sodat sy hom kan bederf, want hy werk so hard.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die leser bevraagteken Maud se opregte liefde vir Cavernelis wanneer hul agterkom dat sy baie gefrustreerd is oor die feit dat hy min by die huis is. √ | 1 |
| 15.4 | Nee<br>Maud sê dat hul nie respek vir die Sabbat het nie, maar sy is bewus van Blanchie se werksaamhede by die Lonely Hearts/Cavernelis se smousery op ŉ Sondag. √ | 1 |
| 15.5 | Cavernelis pleeg selfdood. √<br><br>Cavernelis se selfdood is ŉ ironiese wending aangesien hy met alle mag uit die township wou kom en hard gewerk het daarvoor, maar nou sal daardie droom nooit verwesenlik word nie. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie vir EEN punt noem.* | 1<br><br>1 |
| 15.6 | Maud praat net Engels. √<br><br>Die Cavernelisse laat hul dogter toe om by die Lonely Hearts haar lyf te verkoop./<br>Cavernelis verkoop vroueonderklere./<br>Cavernelis praat Bolandse Afrikaans./<br>Cavernelis en Maud meng nie met die res van die gemeenskap nie./<br>Maud kom nie uit hul woonstel nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.7 | Die herhaling van *jaag* verhoog die spanning. √ | 1 |
| 15.8 | Apostel George is besig om Map in die tronk tot bekering te lei. √<br><br>In TEKS I heers ŉ gespanne/negatiewe atmosfeer, terwyl TEKS J sektaries/intens/positief is. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.9 | Die verteller wil vir die leser ŉ ooreenkoms tussen Map en Jesus se nederige afkoms trek./ Die verteller wil vir die leser laat besef dat Jesus ook van nederige afkoms is en groot dinge in die wêreld gedoen het./Die verteller wil vir die leser wys dat Map se afkoms hom nie moet terughou in die lewe nie. √ | 1 |
| 15.10 | Saulus, ŉ vervolger van Christene, is op pad na Damaskus deur God geroep (met ŉ skerp lig wat uit die hemel skyn) om in Sy diens te staan. Saulus is nuutgemaak en deur die Heilige Gees vervul. √<br><br>Map het in die tronk tot bekering gekom en is nes Saulus nuutgemaak en deur die Heilige Gees vervul./Soos Saulus se naam na Paulus verander het, het Map Jacobs weer na Johnnie Jacobs verander. √ | 1<br><br>1 |
| 15.11 | Die saksofoon aan die einde van die drama impliseer dat dinge gaan terugkeer na hoe dit was (toe Map die leierinstrument bespeel het). √<br><br>Toe Miriam vra waar Johnnie Jacobs is, word die instrumente stil en ŉ enkele banjo word halfhartig ingestem om die spanning te beklemtoon./<br>Die orkes begin hard speel om die spanning van Mirian se vraag oor Johnnie Jacobs te verbreek./<br>ŉ Saksofoon en kitaar speel in die agtergrond toe Map en Apostel George in vervoering saam sing om Map se verlossing te kry wat tot die gelaaide oomblik bydra./<br>Tommy se klinger verskaf ŉ ligter/humoristiese oomblik. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.12 | Toneelaanwysings/Neweteks √<br><br>Map het toestemming gegee dat sy bende haar en sy suster verkrag./<br>Map het sy vriend, Ivan Philander, doodgesteek./<br>Klein-Meisie is dood./<br>Antie Grootmeisie het stom geword as gevolg van die trauma van die verkragting en moord. √√√ | 1<br><br>3 |
| | | **[25]** |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ʼn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ʼn gepaste inleiding aan.

- **Die Konstabel transformeer**, want hy verander in iets en iemand anders nadat hy voorgegee het om iets te wees wat hy nie is nie.
- **Die Konstabel word deel van die geheimsinnige** wêreld wanneer hy transformeer, op grond van sy blindheid, donkerbril, sy vertelling van die sonsverduistering en sy skielike sig na 12:00.
- **Konstabel bring ʼn innerlike verandering/ommekeer/transformasie in ander karakters** en hul wêreld van vrees, bring hy bevryding.
- **Konstabel dring deur tot die karakters se wêrelde om hul te transformeer**, want dis ʼn wêreld waarvan hulle nie eens bewus is nie; vir hulle is dit normaal. Hy bring lig en lewe in Meisie se lewe.
- **Die konstabel se verhale word deur sy transformasie ten slotte in 'n ander lig gestel** en sy manipulasiespel het ten doel om Meisie se onderbewussyn te prikkel en haar tot transformasie/verandering te lei.
- **Die transformasie van die konstabel tot nar kan as die klimaks van die drama beskou word**, want die leser se vrae oor hierdie vreemde karakter is beantwoord.
- **Die konstabel is in sy transformasie as nar die bevrydingsfiguur** wat in sy vermomming as ʼn konstabel die beswerende mag binnedring en oorwin.
- **Die transformasie van die konstabel tot magiese towerfiguur gee aanleiding tot Meisie se rituele dans** wat haar oorgawe en veranderende optrede wys.
- **Die wegdans van Meisie** kan as die omkering van haar huislike situasie beskou word.
- **Meisie hunker na ʼn meer permanente bevryding** en sy word getransformeer om bevry te word van die bande van haar ma.
- **Sy ervaar bevryding/transformasie in die wit aannemingsrok** wat ʼn simbool is van onskuld en reinheid, asook ʼn simbool van die rein bruid en moontlike vrugbaarheid.
- **Ons leer Meisie ken as ʼn onderdanige dogter,** maar uit hierdie beeld transformeer sy uiteindelik tot ʼn bevryde vrou.
- **Dit is interessant dat Meisie sonder skoene uitdans**, want die kaalvoetdans skep die illusie van transformasie/vryword van die aardse.
- **Meisie maak haar in haar transformasieproses los van die aarde**, want sy sweef amper weg soos die blomme tydens die sonsverduistering.

Die kandidaat bied ʼn gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Ontsteld/Kwaad/Ontevrede/Verontwaardig √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Konstabel sê dat ongetroude vrouens se reuk skerper/suurder/soos dikmelk is. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.2 | Sy is naïef/blind vir die gevaar. √<br><br>Meisie het Konstabel blindelings vertrou en dit het hom in staat gestel om haar vertroue te wen/weg te voer. √ | 1<br><br><br>1 |
| 17.3 | Meisie is uitgehonger vir interaksie met ander mense/om iets anders te ervaar omdat sy onder haar ma se ysterhand moet leef en ŉ vervelige, vasgevange bestaan voer. √ | 1 |
| 17.4 | Dit dui op Meisie se aarseling/onsekerheid. √ | 1 |
| 17.5 | Konstabel √<br><br>Hy doen hom as ŉ konstabel voor wat na die veiligheid van die vroue sal omsien./ Hy het moontlik vir Rienie en Sannie vermoor./Hy manipuleer die vrouens om uit hul gemaksone te beweeg vir sy bevrediging en genot./Hy lok Meisie uit om teen haar ma op te staan deur oor die sirkus te praat./Hy voer Meisie weg van haar ma en gaan haar moontlik vermoor. √√√ | 1<br><br><br><br><br><br>3 |
| 17.6 | Nee<br>Die leser/kyker is nog nie in hierdie stadium van die drama van die Konstabel se oneerlikheid bewus nie. √ | <br><br>1 |
| 17.7 | Motoriese moment √<br><br>Die koms van die Konstabel sit die spanningslyn aan die gang. √ | 1<br><br>1 |
| 17.8 | Sy het sopas op sensuele manier dromerige bewegings vir Konstabel uitgevoer en haar lang hare het los gehang./Sy het haar hare losgemaak om soos tant Hannie te lyk. √ | 1 |
| 17.9 | Die sirkusmusiek dien deurgaans as herhalende ruimtelike motief. √<br>Dit beklemtoon die kontras tussen die eksotiese sirkus en die beklemmende huisie/benouende bestaan van Miem en Meisie. √<br>Die sirkusmusiek bied ŉ tydelike bevryding. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 17.10 | Op hierdie laaste aand van Augustus verdwyn meisies op ŉ raaiselagtige manier. √<br><br>1936 √ | 1<br><br>1 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | | |
|---|---|---|
| 17.11 | Miem voer 'n bestaan deur goiingsakke met mis te vul en dis haar bron van inkomste./<br>Die stank van die mis veroorsaak dat sy 'n mislike bestaan voer waar sy vervreem is van die res van die gemeenskap./<br>Miem kyk Konstabel se ware bedoelings mis./<br>Miem mis haar man omdat hy hom op die solder isoleer./<br>Miem misgis haar oor die ware verhouding tussen Konstabel en Meisie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE implikasies vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 17.12 | Die mens staan as enkeling binne 'n verwronge en verstikkende gemeenskap en het daarom 'n begeerte tot ontsnapping. √<br><br>*Die kandidaat formuleer 'n eie boodskap uit die tema, bv.*<br>Moenie die gevaar miskyk in jou poging tot ontsnapping nie. √<br><br>Daar is een stygende spanningslyn wat tot die krisis lei./Daar vind nie baie karakterontwikkeling plaas nie./Daar is 'n min karakters./Die dialoog is baie gekonsentreerd./Die drama bestaan uit slegs een bedryf./Daar is net een hooftema./Handeling vind slegs op een plek plaas. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

ÉcoleBooks

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp.<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer.<br>- Respons redelik gedetailleerd.<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie.<br>- Begrip van genre en gedig duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie.<br>- Basiese begrip van genre en gedig. | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp.<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie.<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig. | - Geen begrip van die onderwerp nie.<br>- Geen verwysing na die gedig nie.<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie. |
| **STRUKTUUR EN TAAL**<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek.<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry. | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument.<br>- Vloei van argument kan gevolg word.<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | - Enkele bewyse van struktuur.<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel.<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas. | - Struktuur toon tekens van swak beplanning.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute beduidend.<br>- Toon en styl nie geskik nie. | - Struktuur swak.<br>- Ernstige taalfoute.<br>- Foutiewe styl. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15<br>- Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp.<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer.<br>- Respons redelik gedetailleerd.<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie.<br>- Begrip van genre en teks duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie.<br>- Basiese begrip van genre en teks. | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspek in detail ondersoek nie.<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun.<br>- Baie min relevante argumente.<br>- Weinig begrip van genre en teks. | - Geen begrip van die onderwerp nie.<br>- -Swak poging om die vraag te beantwoord.<br>- Argumente oortuig nie.<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie. |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Uitstekende inleiding en slot.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. | - Duidelike struktuur.<br>- Logiese vloei van argument.<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer.<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | - Enkele bewyse van struktuur.<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute.<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas.<br>- Paragrafering meestal korrek. | - Struktuur toon tekens van swak beplanning.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute beduidend.<br>- Toon en styl nie geskik nie.<br>- Paragrafering foutief. | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente.<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk .<br>- Styl en toon nie geskik nie.<br>- Paragrafering foutief. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |